## DIE PARLEMENT EN TOESIGHOUDING

Die werklike toets vir demokrasie is die mate waarin die Parlement kan verseker dat die regering aanspreeklik teenoor die mense is. Dit word gedoen deur voortdurende toesighouding (monitering) te handhaaf oor die regering se werksaamhede.

Die Parlement en sy Komitees beskik oor die bevoegdheid om enige persoon of instelling te ontbied om getuienis te lewer of dokumente beskikbaar te stel, en aan hulle verslag te doen.

## GRONDWETLIKE MANDAAT

- Die Grondwet bepaal dat die Parlement die mag het om toesig te hou oor alle staatsinstellings, insluitend dié op provinsiale en plaaslike regeringsvlak.

## WAT IS TOESIGHOUDING?

- Toesighouding is 'n funksie kragtens die Grondwet aan die Parlement verleen om die regering se werksaamhede te moniteer en daaroor toesig te hou.
- Wanneer toesighouding uitgeoefen word, fokus die Parlement op die volgende terreine:
  - ➢ die deurvoer van wette
  - ➢ die aanwending van begrotings
  - ➢ die streng nakomingvan wette van die Parlement en die Grondwet
  - ➢ die doeltreffende bestuur van staatsdepartemente.

## WAAROM DIE PARLEMENT SE TOESIGHOUDINGSROL BELANGRIK IS?

- Deur toesig te hou oor die werksaamhede van die regering kan die Parlement verseker dat dienslewering plaasvind, sodat alle burgers 'n beter lewensgehalte kan hê.

## TOESIGHOUDING DEUR DIE PARLEMENT GESKIED OM DIE VOLGENDE REDES:

- ➢ om misbruike op te spoor en te voorkom
- ➢ om onwettige en ongrondwetlike optrede deur die regering te voorkom
- ➢ om die regte en vryhede van burgers te beskerm
- ➢ om die regering aanspreeklik te hou vir die wyse waarop belastingbetalers se geld bestee word
- ➢ om regeringsondernemings meer deursigtig te maak en openbare vertroue in die regering te verhoog.

## DIE TOESIGHOUDINGSROL VAN DIE TWEE HUISE VAN DIE PARLEMENT

- Die Parlement bestaan uit twee Huise, naamlik:
  - ➢ die **Nasionale Vergadering** (NV), en
  - ➢ die **Nasionale Raad van Provinsies** (NRP).

- Elkeen het 'n spesifieke toesighoudingsrol te speel.

# Parlement en Toesighouding

- Die Grondwet bepaal dat die **Nasionale Vergadering** verkies word om die mense te verteenwoordig en om regering deur die mense volgens die Grondwet te verseker. Dit word gedoen deur:
  - ➢ te verseker dat alle uitvoerende staatsinstellings in die nasionale regeringsfeer teenoor hom aanspreeklik is, en
  - ➢ deur toesig te hou oor die uitoefening van die nasionale uitvoerende gesag, en die toepassing van wetgewing.

- Die **Nasionale Raad van Provinsies** verteenwoordig die provinsies om te verseker dat provinsiale belange in berekening gebring word in die nasionale regeringsfeer.
  - ➢ Die NRP se rol is om toesig te hou oor nasionale aspekte van provinsiale en plaaslike regering.
  - ➢ Die NRP kan van 'n lid van die Kabinet , 'n amptenaar van die nasionale regering of 'n LUK van 'n provinsiale regering vereis om 'n sitting van die Raad of 'n komitee by te woon.

## DIE ROL VAN DIE PARLEMENTÊRE KOMITEES

- Parlementêre komitees word gestig as instrumente van die Huise ooreenkomstig die Grondwet om toesighouding te behartig en die regering te moniteer.
- Dié komitees is die "enjinkamers" van die Parlement se toesighoudings- en wetgewende werk.
- Komitees ondersoek wetgewing noukeurig, hou toesig oor die regering se werksaamhede, en skakel met die publiek.
- Een van die mees belangrike aspekte van die toesighoudingsfunksie is die oorweging deur komitees van die jaarverslae van staatsinstellings, en verslae deur die Ouditeur-generaal.
- Na gelang van die doel van toesighouding, sal die Komitee óf 'n opdrag van die staatsinstansie aanvra, óf dit met die oog op 'n feiteondersoek besoek.

## TOESIGHOUDINGSMEGANISMES

*a) Begrotingsposte*

- Die Minister van Finansies kondig die begrotingsramings vir die volgende boekjaar aan, sowel as die begrotingsposte van elke departement.
- Die Parlement moet die Begroting goedkeur.
- Ná die voorlegging van die begrotingsposte het elke Komitee 'n verhoor met die bepaalde Staatsdepartement waaroor hy toesig hou.
- Dit dien om vas te stel of die Department sy beloftes van die vorige jaar nagekom het, en belastingbetalers se geld na behore bestee het.

*b) Vrae vir beantwoording deur uitvoerende gesag*

- Om Vrae aan die regering te stel, is een van die maniere waarop die Parlement die regering aanspreeklik hou.

- Vrae vir mondelinge of skriftelike beantwoording kan aan die President, die Adjunkpresident en Ministers gestel word oor aangeleenthede waarvoor hulle verantwoordelikheid aanvaar.
- Vraetyd bied aan Parlementslede die geleentheid om lede van die regering uit te vra oor aangeleenthede rakende dienslewering, namens hul politieke partye of die kieserskorps.

*c) Ledeverklarings*

- Deur dié proses kan lede van die Parlement oor enige aangeleentheid verklarings in die Huis doen.

*d) Kennisgewing van voorstelle*

- Deur 'n Kennisgewing van Voorstel kan 'n lid van enige politieke party sake vir bespreking in die Parlement opper, en daardeur help om hul verantwoordelikheid van toesighouding na te kom.

*e) Volle sittings*

- Volle sittings is nog 'n manier om belangrike inligting onder die aandag van die regering te bring rakende spesifieke regeringsprogramme of wetgewing wat vereis word om dienslewering te verbeter.

*f) Kiesafdelingwerk*

- Kiesafdelingwerk bied Parlementslede die beste geleentheid om individuele toesighouding uit te oefen.
- Kiesafdelingwerk verskaf die mees direkte skakeling tussen Parlementslede en die publiek.
- Dit is lede se plig om die Parlement in kennis te stel van enige aangeleenthede wat gedurende sodanige toesighouding geïdentifiseer is.

## HOE JY BETROKKE KAN RAAK

*a) Doen 'n voorlegging*

- Om 'n voorlegging te doen aan 'n komitee van die parlement is een manier om jou stem in die Parlement te laat hoor.
- Deur 'n voorlegging te doen, het jy 'n geleentheid om die mening van lede van die Komitees te beïnvloed wat spesifieke konsepwetgewing bespreek voordat dit 'n wet word.

*b) Versoekskrif*

- Elke burger het die reg om 'n versoekskrif tot die Parlement te rig, soos bepaal word in die Grondwet.
- Enige persoon, groep mense of organisasie mag 'n versoekskrif tot die Parlement rig.
- 'n Versoekskrif is 'n formele versoek tot 'n owerheid om stappe te doen. Dit kan geskied by wyse van 'n eis, 'n versoek om 'n guns, óf om aandag te skenk aan 'n grief.

*This pamphlet is available in all the official languages of South Africa.*

Produced by the Public Education Office • Parliamentary Communication Services • INSPIRED BY PEOPLE

www.parliament.gov.za • P.O. Box 15, Cape Town, 8000 • Telephone: (021) 403 3341 • Facsimile: (021) 403 3303

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afrikaans




# Parlement en Toesighouding